



GRAAD 12

KWARTAAL 2

GEOGRAFIE

EKSAMEN – VRAESTEL 1

Tydsduur : 3 ure
Totale Punte : 225 Punte
Datum : 28 Mei 2019
Eksaminator : M Keyser

LEERDERINSTRUKSIES

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae.
2. Beantwoord al DRIE vrae.
3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Los 'n lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Die puntetoekenning is soos volg:
(2x1) (2) beteken dat twee feite vir EEN punt elk verwag word.
(2x2) (4) beteken dat twee feite vir TWEE punte elk verwag word.
7. As woorde/aksie werkwoorde soos **noem, identifiseer, verskaf, klassifiseer** in 'n vraag gebruik word, is EENWOORD antwoorde aanvaarbaar.
As woorde/aksie werkwoorde soos **bespreek, definieer, verduidelik, lewer kommentaar, evalueer, regverdig, stel voor** en **staaf** in 'n vraag gebruik word, word volsinne of frases verwag.
Alle paragraaf vrae moet in VOLSINNE beantwoord word.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Sterkte!

AFDELING A**VRAAG 1:**

1.1 Kies die korrekte term / woord tussen hakkies.

- 1.1.1 (Konvergeer / deflekteer) beteken om weg te draai of te veroorsaak dat iets wegdraai.
- 1.1.2 Tropiese siklone vervaag (vinning / stadig) sodra hulle die land bereik
- 1.1.3 (Hellingaspek / skadusone) is die hoek waarteen die son se strale 'n helling tref.
- 1.1.4 Mikroklimaat is die klimaat van 'n (groot / klein) area.
- 1.1.5 Hellingstygwinde waai gedurende die (dag / nag) teen valleihellings op.
- 1.1.6 Hellingdaalwinde waai gedurende die (dag /nag) teen valleihellings af.
- 1.1.7 Tropiese siklone is (laag / hoog) - drukselle wat heftige weertoestande met sterk winde en oorstromings bring.
- 1.1.8 Middelbreedtesiklone begin wanneer daar 'n buiging in die (poolfront / ITKS) vorm. (8x1) (8)

1.2 Pas die korrekte term in KOLOM B by die korrekte beskrywing in KOLOM A.

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	'n Antikloksgewyse windrigtingverandering, byvoorbeeld van noord na noordwes.	A	Ruiming
1.2.2	Die kalm gebied in die middel van 'n tropiese sikloon.	B	Oog
1.2.3	'n Kloksgewyse windrigtingsverandering. byvoorbeeld van suid na suidwes.	C	Adiabaties
1.2.4	Temperatuursverandering weens 'n verandering van hoogte en druk.	D	Afsny-laagdruksel
1.2.5	Wolke en swaar reën	E	Rug
1.2.6	Baie koue weer met swaar reën en sneeu.	F	Krimping
1.2.7	Hoogdrukgebied met 'n langwerpige vorm wat vanuit 'n antisikloon strek.	G	Lyndonderstom

(7x1) (7)

1.3 Lees die koerantartikel oor tifone/tropiese siklone en beantwoord die volgende vrae.

In een van die mees kragtige storms wat nog voorgekom het, het ten minste 10 000 mense in die sentrale Filippyne gesterf, word gister deur 'n senior polisie-offisier vertel, met groot golwe wat kUSDorpie heeltelmal weggevee het en die streek se vernaamste stad verwoes het.


Hoofsuperintendent Elmer Soria vertel hoe supertifoon Haiyan ongeveer 70 tot 80 persent van die omgewing in sy pad verwoes het, soos dit die Leyte-provinsie Vrydag verskeur het. Terwyl reddingswerkers geworstel het om die geteisterde dorpie langs die kus te bereik, waar die sterftesyfer nog onbekend was, het oorlewendes vir voedsel gesoek, soos voorrade drasties afgeneem het, of hulle het vir geliefdes gesoek.

Die meeste sterftes is waarskynlik veroorsaak deur verwoestende seewater wat met rommel gevul was. Talle mense het dit vergelyk met 'n tsunami, soos dit huise platgevee en honderde mense laat verdrink het in een van die ergste natuurlike rampe wat die suidoos Asiatiese nasie nog getref het.

Die nasionale regering en rampagentskap het nog nie die jongste geskatte dodetal bekend gemaak nie. Daar is 'n skerp toename in die aanvanklike skattings wat op Saterdag gemaak is, waar ten minste 1 000 gesterf het deur 'n storm met volgehoue winde van 313 km per uur en rukwinde van tot 378 km per uur.

- 1.3.1 Verskaf 'n algemene beskrywing van 'n tifofoon. (1x2) (2)
- 1.3.2 Hoeveel tifone het in die huidige seisoen tifofoon Haiyan voorafgegaan? (1x2) (2)
- 1.3.3 "... volgehoue winde van 313 km per uur en rukwinde van tot 378 km per uur."
- (a) Waarom word tifone met sterk winde geassosieer? (1x2) (2)
- (b) Identifiseer die gedeelte van die tifofoon waar die sterkste winde voorkom. (1x2) (2)
- 1.3.4 Noem TWEE direkte gevolge uit die artikel wat tifofoon Haiyan op die mense van die gebied gehad het. (2x2) (4)
- 1.3.5 Evalueer waarom eilande soos die Filippyne die impak van tropiese siklone die ergste sal ervaar vergeleke met gebiede in die binneland. (3x2) (6)
- 1.3.6 Verduidelik waarom die impak van tifone erger deur minder ekonomies-ontwikkelde lande (LEDC) as meer ekonomies-ontwikkelde lande (MEDC) ervaar word. (4x2) (8)

- 1.4 Verwys na die skets in FIGUUR 1. wat aspek in 'n vallei in die Suidelike Halfrond toon en beantwoord die vrae wat volg.




FIGUUR 1

- 1.4.1 Definieer die begrip *aspek*. (1x2) (2)
- 1.4.2 Watter bewys toon dat hierdie vallei in die Suidelike Halfrond geleë is? (1x2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik waarom daar na gebied A as die skadusone verwys word. (1x2) (2)

1.4.4 Verduidelik hoe wind B bedags sal ontwikkel. (2x2) (4)

1.4.5 Gee raad aan 'n boer oor hoe om die benutting van die grond by plek C en plek D doeltreffend te beplan deur die invloed van aspek en gevolglike winde in ag te neem. (4x2) (8)

1.5 FIGUUR 2 illustreer 'n bewegende versteuring (lyndonderstorm) oor die binneland van Suid-Afrika.



FIGUUR 2

1.5.1 In watter seisoen sal die bewegende versteuring heelwaarskynlik in Suid-Afrika ontstaan? (1x2) (2)

1.5.2 Noem die front wat deur lyn A op die skets aangedui word. (1x2) (2)

1.5.3 Bespreek die oorsprong van die verskillende koue en warm lugmassas, wat die ontwikkeling van hierdie front (antwoord by VRAAG 1.5.2) veroorsaak. (2x2) (4)

1.5.4 Verduidelik watter impak swaar reënval op die infrastruktuur van plekke oor die binneland van Suid-Afrika sal hê. (4x2) (8)

TOTAAL VRAAG 1: [75]

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord / term tussen hakkie.


- 2.1.1 Die aantal klein strome en riviere vorm saam 'n (rivierstelsel / seestelsel).
 2.1.2 'n (samevloeiing / waterskeiding) is die punt waar een riviernetwerk by 'n ander aansluit.
 2.1.3 (Kanaalvloei / Afloopwater) is reënwater wat oor die oppervlak vloei.
 2.1.4 (Eksotiese riviere / Periodieke riviere) ontvang grondwater net in reënseisoen wanneer die watertafel bo die rivierbedding lê
 2.1.5 'n Rotsstruktuur vorm deel van (Geologie / Topografie).
 2.1.6 'n (Parallele patroon / Ongeordende patroon) het geen opsigtelike dreineerpatroon nie.
 2.1.7 (Laminêre vloei / Turbulente vloei) is water wat vloei in 'n borrelende beweging, dit verander van vlak.
 2.1.8 Tydelike (erosiebasis / vertikale erosie) is afwaartse erosie. (8x1) (8)

2.2 Pas die korrekte term in KOLOM B by die korrekte beskrywing in KOLOM A.

	KOLOM A	KOLOM B
2.2.1	Plek waar 'n rivier begin.	A. Samevloeiing
2.2.2	Waar die rivier in die see of 'n meer invloei.	B. Sytakke
2.2.3	Punt waar een riviernetwerk by 'n ander aansluit.	C. Bron
2.2.4	Individuele rivierkanale wat die stroomnetwerk vorm.	D. Monding
2.2.5	Boonste oppervlak van die grondwater.	E. Lengteprofiel
2.2.6	Grondwater wat in 'n rivier insyfer.	F. Basisvloei
2.2.7	Visuele voorstelling van die gradient waarteen die rivier afvloei.	G. Watertafel


(7x1) (7)

2.3 Bestudeer FIGUUR 3, wat die prosesse van stroomroofof illustreer.



FIGUUR 3

- 2.3.1 Noem die verskynsels van stroomroef by A en B onderskeidelik. (2x2) (4)
- 2.3.2 Verwys na verskynsel C.
- (a) Noem verskynsel C. (1x2) (2)
- (b) Verduidelik hoe verskynsel C deur stroom D oor tyd verander is. (1x2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik hoe die finale stroomroef as 'n voordeel vir toekomstige vervoerdoeleindes gesien kan word. (1x2) (2)
- 2.3.4 Bespreek die rol wat die helling gespeel het om stroomroef te bevorder. (1x2) (2)
- 2.3.5 Waarom kom rivierverjonging oor die algemeen voor nadat stroomroef plaasgevind het? (2x2) (4)
- 2.3.6 Evalueer hoe die omgewing rondom die geroofde (verarmde) stroom by E, geaffekteer sal word. (4x2) (8)
- 2.4 Bestudeer FIGUUR 4, wat verskillende fluviale landvorme illustreer, en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 4

- 2.4.1 Identifiseer fluviale landvorme A en B onderskeidelik. (2x2) (4)
- 2.4.2 Verduidelik hoe verskynsel A ontwikkel het. (2x2) (4)
- 2.4.3 Lewer kommentaar oor die rede waarom die natuurlike leewal (oewerwal) sy hoogte in die vloedvlakte behou. (1x2) (2)
- 2.4.4 Bespreek die geskiktheid van die vloedvlakte vir landbou aktiwiteite. (4x2) (8)

2.5 Lees deur die gevallestudie van die Olifants-dreineringsbekken en beantwoord die volgende vrae.

Die Olifantsrivier vloei deur drie provinsies naamlik Gauteng, Mpumalanga en Limpopo provinsies. Die Olifantsrivierdreineringsbekken is een van mees onderdrukste bekkens in terme van die kwaliteit van die water in die riviere sowel as die aanvraag van water deur verbruikers in die grensbekken.

Die aanvraag na water in die Olifantsrivierdreineringsbekken oorskry die beskikbaarheid as gevolg van verskeie aktiwiteite wat in die bekken plaasvind. Hierdie aktiwiteite sluit in landbou, bosbou, kragopwekking, mynbou en staalindustrieë.

- 2.5.1 Definieer die term *dreineringsbekken*. (1x2) (2)
- 2.5.2 Waarom word daar na die Olifantsrivier verwys as die 'mees onderdrukste bekken'? (2x2) (4)
- 2.5.3 Evalueer hoe mynbou-aktiwiteite die kwaliteit van water in die Olifantsrivier sal affekteer. (2x2) (4)
- 2.5.4 Stel maniere voor hoe die negatiewe effek van mense op die Olifantsrivierdreineringsbekken opgelos kan word. (4x2) (8)

TOTAAL VRAAG 2: [75]

AFDELING B**VRAAG 3**

3.1 Kies die korrekte woord / term tussen hakkies.

- 3.1.1 (Landelik-stedelike migrasie / selektiewe uitwaarse migrasie) is migrasie van 'n ouderdomsgroep.
- 3.1.2 (Landelike ontwikkeling / grondhervorming) is die groei en uitbreiding van landelike gebiede.
- 3.1.3 (Kommunale grondbesitstelsel / volhoubare landelike ontwikkelingstrategieë) is 'n aksieplan wat in die toekoms volgehou en voortgesit kan word.
- 3.1.4 (Koers van verstedeliking / stedelike groei) is die pas waarteen verstedeliking plaasvind.
- 3.1.5 (Sekondêre aktiwiteite / Primêre aktiwiteite) is vervaardiging en industrie.
- 3.1.6 (Konurbasie / Stadspreiding) is die uitbreiding van stedelike gebiede na omliggende gebiede.
- 3.1.7 Behorende aan dieselfde rasse of kultuurgroep word (enties / gemeenskap) genoem.
- 3.1.8 (Sosioloog / Sielkundige) is 'n persoon wat die samelewing en mense bestudeer. (8x1) (8)

3.2 Pas die korrekte term in KOLOM B by die korrekte beskrywing in KOLOM A.

	KOLOM A	KOLOM B
3.2.1	Die posisie van 'n nedersetting in verhouding tot sy omgewing.	A. Verspreide patroon.
3.2.2	'n Plek waar 'n groep mense woon.	B. Kommersiële boerdery
3.2.3	'n Nedersetting se wonings wat 'n digte groepering van geboue vorm.	C. Nedersetting
3.2.4	Nedersetting wat se woonings geïsoleerd en ver van mekaar af is.	D. Kernde patroon
3.2.5	Boerdery om kos vir die gesin te produseer.	E. Bestaansboerdery
3.2.6	Boerdery om 'n wins te maak.	F. Toeganklik
3.2.7	Die gemak waarmee 'n plek bereik kan word vanaf ander plekke.	G. Ligging

(7x1) (7)


3.3 Verwys na die foto van 'n landelike nedersettingspatroon in FIGUUR 5.



FIGUUR 5

- 3.3.1 Hoe is FIGUUR 5 'n voorbeeld van 'n stedelike profiel? (1x2) (2)
- 3.3.2 Verduidelik die belangrikheid van 'n stedelike profiel vir stadsbeplanners. (2x2) (4)
- 3.3.3 Stedelike uitbreiding word oor tyd uitgebeeld.
- (a) Verduidelik die konsep *stedelike uitbreiding*. (1x2) (2)
- (b) Noem die grondgebruiksone waar stedelike uitbreiding waarskynlik plaasgevind het. (1x2) (2)
- 3.3.4 Evalueer hoe stedelike uitbreiding 'n negatiewe invloed op die omgewing het. (3x2) (6)
- 3.3.5 Lewer kommentaar op die positiewe impak wat die stedelike uitbreiding op die inwoners van 'n stedelike gebied sal hê. (3x2) (6)


3.4 Bestudeer die foto in FIGUUR 6 wat 'n nedersettingspatroon wys.



FIGUUR 6

- 3.4.1 Waarom word hierdie nedersetting as 'n landelike nedersetting beskou? (1x2) (2)
- 3.4.2 Identifiseer die nedersetting-patroon in FIGUUR 6. (1x2) (2)
- 3.4.3 Verduidelik hoe reliëf en water beskikbaarheid die patroon van die nedersetting in FIGUUR 6 beïnvloed het. (2x2) (4)
- 3.4.4 Verskaf bewyse uitom die feit dat ekstensiewe kommersiële boerdery beoefen word, te staaf. (2x2) (4)
- 3.4.5 Bespreek DRIE ekonomiese voordele vir die boer wat in hierdie nedersetting woon. (3x2) (6)

3.5 Verwys na FIGUUR 7, A en B, wat die probleem van verkeersopeenhoping in moderne stede beklemtoon.



FIGUUR 7

- 3.5.1 Wat is 'n verkeersopeenhoping? (1x2) (2)
- 3.5.2 Verduidelik TWEE redes vir die verkeersopeenhopings in stedelike gebiede. (2x2) (4)
- 3.5.3 Lewer kommentaar oor die ironie (teenoorgestelde) gedagtes van die bestuurders in FIGUUR 7A. (1x2) (2)
- 3.5.4 Verwys na FIGUUR 7B, wat 'n gevolg/effek van verkeersopeenhoping toon.
- (a) Noem die tipe gevolg/effek wat geïllustreer word. (1x2) (2)
- (b) Evalueer die sosiale impak wat hierdie tipe gevolg/effek in FIGUUR 7 B op bestuurders mag het. (1x2) (2)
- 3.5.5 Stel maniere voor wat die plaaslike owerhede kan implementeer om verkeersopeenhoping in stedelike gebiede te verminder. (4x2) (8)

TOTAAL VRAAG 3: [75]

GROOT TOTAAL: [225]